DR. F. W. A. KORFF. *Eeuwigheid en Tyd.* Derde bundel. Holland Uitgewersmaatschappij, Amsterdam. Geen jaartal. Prys 12/6.

Van die welbekende Nederlandse professor in dogmatiek en christelike ethiek prof. dr. F. W. A. Korff wie se afsterwe omtrent twee jaar gelede as so n' gevoelige verlies vir die Nederlandse teologie betreur is, het ons hier sy derde bundel oordenkinge onder die titel „Eeuwigheid en Tyd".

Hier word ons aangebied stigtelike lektuur van so 'n gehalte dat mens dit liewers maar nie op 'n dromerige Sondag namiddag moet probeer lees nie, want ons vind hier so 'n rykdom en so 'n diepte van gedagtes dat ons volle konsentrasie en ernstige pogings om die gedagtegang van die skrywer te volg vereis word. As ons dit doen, sal ons moeite egter ook ryklik beloon word en sal hierdie boek ons bring tot innerlike verdieping en verryking.

Prof. Korff het op 'n voorlesing vir sy studente een keer gesê: 'n predikant mag nooit dogmatiek preek nie, maar sy preek moet altyd dogmaties gefundeer wees. Aan hierdie uitspraak is die skrywer self in hierdie meditasies ten volle getrou.

In wat hy sê oor „Advent" en oor „Het mysterie van het kruis" voel ons sterk die agtergrond van sy dogmatiese dinke en ons kom hier in aanraking met gedagtes so mooi, so diep en ryk, dat mens graag sou sien dat elke teoloog en ontwikkelde mens hiervan sou kennis neem.

Ook sy oordenkings soos Pase en Pinkster is besonder leersaam.

By sy behandeling van die gelykenis van die talente (Matt. 25:14-30) en die gelykenis van die groot maaltyd (Luk. 14:15-24) deur hom genoem: „Die gelykenis van die verontschuldigingen", laat hy die nadruk val op die praktyk van die christelike lewe. Daarby word vele „heilige huisies" omvergewerp en veel soetelike vroomheid aan die kaak gestel, met die doel om die leser te bring tot ernstige kritiese selfondersoek en tot waaragtige vroomheid en godsvrug. Ons siteer in hierdie verband 'n woord van 'n origens onbekende ware vrome: „As ek in die hemel kom, sal ek my oor drie dinge verwonder: dat daar sovele is, wat ek daar nie verwag het nie; dat daar sovele ontbreek wat ek daar wel verwag het, en die meeste sal ek my daaroor verwonder, dat ek self daar is."

By die behandeling van sy stof, selfs van die moeilikste onderwerpe, doen die skrywer dit op sulk 'n helder en oortuigende wyse dat ook die van kerk en Godsdiens vervreemde leser wat eerlik wil wees met homself tot nadenke gebring sal word.

Om hierdie rede en met die oog op die naderende siklus van christelike feesdae wil ons hierdie bundel by elkeen hartlik ter lesing aanbeveel.

W. VAN BERGEN.